

## Gr 9 Oorsig: Afrikaans Huistaal

Kwartaal	Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind		
Kwartaal 1	Drama Week 1-5	Multimedia Week 6-9	Gedigte Week 10 – 11
	<u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Luister Ass 1,4,6 Lu 2 Praat Ass 1,4,5,6 Lu 3 Less en Kyk Ass 1,2,6,10 Lu 4 Skryf Ass 1,3,4 Lu 5 Dink en Redeneer Ass 1 Lu 6 Taalstrukture Ass 1,2,3,4,5,6	<u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,2,7 Lu 2 Ass 2,3,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10 Lu 4 Ass 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6	<u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,5 Lu 3 Ass 1,5,8,10 Lu 4 Ass 1,3 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5
Kwartaal 2	Tekste uit ander leerareas Week 1-4	Kortverhale/Novelle/Fabel Week 5-8	SAT Week 9-11
	<u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2,3,7 Lu 2 Ass 2,5,6 Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10 Lu 4 As 1,2,4	<u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,5,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10 Lu 4 Ass 1,3,4	

	Lu 5 Ass 1,2,3,4 Lu 6 Ass 1,2,3,4,6	Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6	
<b>Kwartaal</b>  <b>3</b>	<b>Gedigte</b> Week 1-2  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,5 Lu 3 Ass 1,5,8,10 Lu 4 Ass 1,3 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5	<b>Tekste uit ander leerareas</b> Week 3-6  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2,3,7 Lu 2 Ass 2,5,6 Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10 Lu 4 Ass 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4 Lu 6 Ass 1,2,3,4,6	<b>Kortverhale/Novelle/Fabel</b> Week 7-10  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,5,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10 Lu 4 Ass 1,3,4 Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6
<b>Kwartaal</b>  <b>4</b>	<b>Multimedia</b> Week 1-3  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,2,7 Lu 2 Ass 2,3,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10 Lu 4 Ass 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6	<b>Drama</b> Week 4-7  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,4,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,6,10 Lu 4 Ass 1,3,4 Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6	<b>EATS</b>  Week 8 – 10
Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur 'n informele taak			

# LESPLAN

(gedig)

## Afrikaans Huistaal

**Konteks:** Gedigte van jou keuse

Tyd: 3 weke		Graad: 9	
LU EN ASS	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die gedig van jou keuse voor aan die leerders.</p> <p><u>Lu 1 Luister</u></p> <p>As 1 Luister na en waardeer 'n verskeidenheid komplekse verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos radiodramas, geselsprogramme, dokumentêre, gedramatiseerde gedigte, boekresensies).</p> <p>As 5 Identifiseer die spreker se redes vir die keuse van spesifieke woorde, frases en sinne en styleffekte om die luisteraar te beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos doelbewuste dubbelsinnigheid, die onderskeid tussen feite en menings, die identifikasie van die spreker se standpunt, die herkenning van partydigheid, vooroordeel en propaganda).</p> <p><u>Lu 3 Lees en Kyk</u></p> <p>As 1 Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte spontaan vir genot en inligting; vergelyk persoonlike reaksies en gee gemotiveerde aanbevelings vir ander</p>	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Die formele take vir hierdie kwartaal is:</p> <p>Debat/paneelbespreking of voorbereide toespraak (30punte) sien rubriek in Annexure B</p> <p>'n Literêre opstel oor enige van die 3 genres (250 – 300 woorde) (40 punte) sien rubriek in Annexure B</p> <p>Taak 8 is 'n toets van 80 punte wat bestaan uit: 'n begripstoets (25) taal (30) derde genre letterkunde (25)</p> <p>Dinsdagaande om 22:00 op RSG is daar 'n program met die naam <i>Vers en Klank</i> waar bekendes gedigte voorlees. Neem dit gerus op of vra jou leerders om daarna te luister.</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Verduidelik aan die klas die verskil tussen 'n <b>bundel</b> en 'n <b>bloemlesing</b>. 'n Bundel bevat gewoonlik gedigte van net een digter, terwyl 'n bloemlesing die gedigte van verskillende</p>	<p>Onderwyser</p>	<p>Leerders het elkeen sy eie boek en volg terwyl die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom ten alle tye bystaan</p> <p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die <b>positiewe</b></p>

<p>As 5 Bespreek verskillende tekssoorte en verduidelik hoe die hoofkenmerke daarvan tot die funksie van die teks bydra (soos lang gedigte, kort romans, koerantberigte, dagboeke, briewe, boekresensies, kort dramas).</p> <p>As 8 Reageer krities op tekste:</p> <p>evalueer die skrywer se standpunt;</p> <p>evalueer implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel, gee eie mening en bespreek ander moontlikhede;</p> <p>bespreek hoe die sosiale en kulturele konteks die boodskap beïnvloed.</p> <p>As 10 Dink na oor en evalueer sy/haar eie vaardighede as leser.</p> <p><b><u>Lu 4 Skryf</u></b></p> <p>As 1 Skryf 'n wye verskeidenheid verbeeldingstekste:</p> <p>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;</p> <p>verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.</p> <p>As 3 Toon basiese vaardighede in spesifieke skryfegnieke gepas vir 'n tekssoort:</p> <p>ontwikkel karakters, beskryf die ruimte/agtergrond, ontwikkel die intrige in verhalende en beskrywende tekste;</p> <p><b><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u></b></p> <p>As 1 Werk met woorde:</p> <p>gebruik spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel en bespreek die strategieë wat</p>	<p>digters bevat. Soms word die beste gedigte van 'n digter uit verskillende bundels in een bloemlesing uitgegee.</p> <p>Laat leerders enige gedig klas toe bring. Leerders lees die gedigte in groepe aan mekaar voor. Laat die leerders sê wie die digter is, waar hy die gedig gekry het en hoekom hy juis die gedig gekies het.</p> <p><b><u>Aktiwiteit 2 Formele taak: Voorbereide toespraak</u></b></p> <p>Gaan lees op of <i>google</i> die gedig en digter van jou keuse.</p> <p>Kies 'n gedig en digter waarin jy belangstel en waarvan jy kennis dra. Doen deeglike navorsing sodat jy baie inligting het om jou toespraak saam te stel. Maak gebruik van musiek en voorlesings. Besluit nou of jy 'n inligtingstoespraak of 'n oorredingstoespraak gaan hou.</p> <p>By 'n <b>inligtingstoespraak</b> wil jy inligting en kennis oordra. Visuele hulpmiddels mag gebruik word. Onthou jou feite moet korrek wees. In die slot word die kerngedagte saamgevat sodat die luisteraars dit kan onthou.</p> <p>By 'n <b>oorredingstoespraak</b> is die hoofdoel oorreding en beïnvloeding van die gehoor. Jy moet 'n besliste stelling of standpunt maak en dit moet beredeneerbaar wees. Jy mag van musiek, mimiek, humoristiese sketse gebruik maak om jou punt te bewys. Jou slot moet die gehoor oortuig.</p> <p><b><u>Algemene wenke</u></b></p> <p>Behou oogkontak met die gehoor, gebruik toepaslike gebare, wees ontspanne en natuurlik en staan regop wanneer jy praat - dit spreek van selfvertroue. Onthou jy praat immers met jou maats.</p> <p><b><u>Moontlike onderwerpe</u></b></p>	<p>Self/leerder</p> <p>Voorbereide toespraak</p> <p>rubriek</p>	<p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en <b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b> en 'n postiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><b><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></b></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p> <p><b><u>Swak siende:</u></b> Hierdie leerder moet voor in die</p>
---	---	---	--

<p>gebruik word;</p> <p>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral van woorde oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;</p> <p>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);</p> <p>gebruik 'n woordeboek en tesourus met selfvertroue, doeltreffend en gereeld om spelling, woordafleiding en die herkoms van woorde te ondersoek;</p> <p>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;</p> <p>verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppe in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;</p> <p>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;</p> <p>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.</p> <p>As 2 Werk met sinne:</p> <p>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:</p> <p>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),</p> <p>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik),</p> <p>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik),</p> <p>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),</p> <p>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en</p>	<p>Anjie Krog se gedigte het 'n invloed op tiener meisies</p> <p>Die opbloe in Afrikaanse liedjies is te danke aan Chris Cameleon se verwerkings van Ingrid Jonker se gedigte</p> <p>Koos Kombuis se gedigte het my lus vir lees aangewakker</p> <p>Verduidelik wat "vuur" in Sheila Cussons se gedigte kan beteken. Gebruik gerus die <i>Dictionery of symbols</i></p> <p>'n Gedig wat my lewe verander het bv <i>Elisabeth Eybers "Die boodskap" of Ingrid Jonker "Die kind" David Kramer "So long Skipskop"</i></p> <p><i>Terwyl jou leerders optreeen hul voorbereide toesprakies hou, hou die klas dop en kyk hoeveel luistertegniekespeel voor jou oë af. Let veral op na die luisteraars se liggaamshouding.</i></p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Die leerder moet in graad 9 weet hoe om 'n gedig te ontleed. Maak seker dat elke leerder weet wat die kenmerke van 'n gedig is. Hoe lyk die vorm, rympatroon, ritme, verskillende beeldspraak, atmosfeer in die gedig.</p> <p>Verdeel die klas in groepe van 5 lede elk. Nommer die lede van elk groep. Laat al die nr 5's na jou tafel toe kom.</p> <p>By jou tafel onderrig jy hul nou in die <b>ontleding van 'n gedig</b>.</p> <p>Begin by die uiterlike bou van 'n gedig. (<i>koeplet, tersine, kwatryne, kwintet, sekstet, oktaaf</i>)</p> <p>Verduidelik die verskillende tipes rym. (<i>paarrym, omarmende rym, kruisrym, gebroke rym</i>)</p> <p>Ander aspekte van belang by die analyse van 'n gedig moet ook verduidelik word. (<i>enjambement, titel, tempo, tipografie, beeldspraak soos vergelyking, metafoor, persoonifikasie,</i></p>	<p>Groep/portuur</p> <p>Ontleding van 'n gedig</p>	<p>klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Kortere tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang</p>
---	---	--	---

<p>koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),</p> <p>* bywoorde (ook in vaste verbindings),</p> <p>* voegwoorde,</p> <p>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),</p> <p>* telwoorde,</p> <p>* tussenwerpsels,</p> <p>* voorsetsels;</p> <p>verstaan die grammatikale verskil tussen en funksie van sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;</p> <p>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde direkte en indirekte voorwerp en bywoordelike bepalings;</p> <p>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;</p> <p>gebruik tydsforme korrek en om fokus te wissel, soos die teenwoordige tyd kan 'n gevoel van onmiddelikheid skep;</p> <p>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;</p> <p>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed;</p> <p>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van puntuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme gepas;</p> <p>gebruik die ontkenende vorm korrek en op verskillende maniere;</p>	<p><i>retoriese vraag, wending, ritme, herhaling, eufemisme, oksimoron, klanknabootsing, simboliek)</i></p> <p>Stuur die eksperts (al die nr 5's) terug na hul eie groepe toe. Laat hulle nou hul groepe onderrig in die uiterlike bou van 'n gedig. Wanneer jy as onderwyser rondloop in jou klas evalueer die tipe luistervaardighede wat ontwikkel word. Kyk veral na die leerders se liggaamshouding.</p> <p><u>Aktiwiteit 4</u></p> <p>Behou die groepe van 5 lede elk net so vir die volgende aktiwiteit.</p> <p><u>Stel die verskillende digsoorte bekend</u></p> <p>Gee vir elke groep 'n ander tipe gedig om te ontleed.</p> <p>Groep 1 kry 'n voorbeeld van 'n <b>Vrye Vers</b>.  Groep 2 kry 'n voorbeeld van 'n <b>Klaaglied</b> of <b>Treursang</b>.  Groep 3 kry 'n voorbeeld van 'n <b>Hekeldig</b> of <b>Spotdig</b>.  Groep 4 kry 'n voorbeeld van 'n <b>Ballade</b>.  Groep 5 kry 'n voorbeeld van 'n <b>Italiaanse Sonnet</b>.</p> <p><i>(Volgende kwartaal fokus ons op 'n Engelse Sonnet en 'n Ode (liriese lofdig).</i></p> <p>Jy mag vir elke groep 'n inligtingstuk gee met die nodige kenmerke of uiterlike bou of enkele notas oor die tipe digsoort.</p> <p>Nadat die groep hul betrokke gedig ontleed het volgens die uitdeeltstuk gaan ek vra dat al die nr 1's by een tafel gaan sit en al die nr 2's by die volgende tafel enal die nr 3' ens.</p> <p>Nou gaan al die betrokkenes by die tafel 'n beurt kry om sy tipe gedig aan die ander by die tafel te verduidelik. Terwyl dit plaasvind loop die onderwyser weer rond en evalueer die luistertegnieke deur op te let na die leerders se liggaamstaal.</p>	<p>Gonsgroepe</p> <p>Kooperatiewe leer</p> <p>groepeerwerk</p>	<p>stukke te skryf</p> <p><b>Disleksie:</b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepeenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p>
--	---	--	--

<p>gebruik puntuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepeteken, aandagstreep, hakies, beletselteken, aanhalingstekens, skuinsstreep).</p> <p>As 3 Werk met tekste:</p> <p>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;</p> <p>gebruik verbindingswoorde (soos nietemin, verder) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;</p> <p>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;</p> <p>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:</p> <p>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;</p> <p>onderskei tussen formele en informele taalgebruik en verduidelik wanneer dit gepas is;</p> <p>verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas en kreatief.</p> <p>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:</p> <p>identifiseer konnotasie en denotasie in betekenis, geïmpliseerde betekenis, veelvoudige betekenis en dubbelsinnigheid;</p> <p>ontleed manipulerende en retoriese taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;</p> <p>ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.</p> <p>As 6 Gebruik metataal:</p> <p>gebruik byvoorbeeld terme soos "samehangend", "logies",</p>	<p>Sorg ook dat jou groepe hul groeprolle, volgens koöperatiewe leer, toepas. Voordat jou leerders begin moet hulle die volgende rolle toeken.</p> <p>Wie gaan die <b>verslaggewer</b> wees? (<i>som groeplede se idees goed op en rapporteer terug</i>).</p> <p>Wie gaan die <b>sekretaris</b> wees? (<i>hierdie leerder moet aantekeninge maak</i>)</p> <p>Wie gaan die <b>bemiddelaar</b> wees? (<i>help groeplede om verskille op te los</i>)</p> <p>Wie gaan die <b>hekwagter</b> wees? (<i>maak seker elkeen kry 'n beurt om te praat en sorg dat die groep nie te raserig raak nie</i>)</p> <p>Wie gaan die <b>fasiliteerder</b> wees? (<i>hierdie leerder hou die groep op koers en sit die groepwerk aan die gang en maak seker dat elkeen die taak verstaan</i>)</p> <p><u>Aktiwiteit 5</u> (skryf 'n gedig)</p> <p>Leerders moet nou beeldspraak inspan om sy eie gedig te skryf. <i>Is daar 'n seer ding in jou lewe?</i> (Aan watter ander temas kan jou klas vorendag kom?)</p> <p>Gebruik beskrywende woorde en beeldspraak (vergelyking, personifikasie, metafoor) om jou gedagtes kleurvol en lewendig en gevoelvol oor te dra. Dit hoef nie te rym nie.</p> <p>Lees jul gedigte vir mekaar en help om dit te verbeter. Lees jou gedig na redigering twee-twee vir mekaar. Gebruik jou stem, gesig en ritme om die stemming van jou gedig oor te dra.</p> <p><u>Wenke by die skryf van gedigte?</u></p> <p>Wat wil jy sê en hoe wil jy dit sê? 'n Gedig kom dikwels uit die hart en is gewoonlik 'n emosionele weergawe van dit wat gebeur het. Besluit op 'n tema vir die gedig en skryf dit eers rof sodat daar baie veranderinge aangebring kan word.</p> <p>Skryf oor wat jy voel, ervaar, visualiseer en beleef. Gebruik</p>	<p>Maats bv. In pare</p> <p>Skryf 'n gedig</p>	<p><b>Hiperaktiewe kind:</b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkie.</p> <p>Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p>
--	--	--	--

"retories", "kommapunt".	stylmiddele om jou gedig trefkrag te gee. Omdat 'n gedig gewoonlik kort is, moet woordeconomie toegepas word. Elke woord moet noukeurig oorweeg word. Goeie woordkeuse is dus noodsaaklik.		
Hulpmiddels: Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, TV, videobande Nabetragting:			



# LESPLAN

(jeugverhaal)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Konteks:** Jeugverhaal

Tyd: 3 weke		Graad: 9	
LU EN ASS	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die jeugverhaal voor aan die leerders.</p> <p>Lu: 1 Luister As 1,2,4</p> <p>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;</li> <li>evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.</li> </ul> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>beantwoord vrae;</li> <li>vertel oor en som op;</li> <li>identifiseer standpunt/perspektief en is in</li> </ul>	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Onthou dat die klem op Lees en Skryf aktiwiteite val as dit by Huistaal kom.</p> <p>'n <b>Literêre opstel</b> (250 – 300 woorde) oor enige van die 3 genres en debatte soos <b>paneel besprekings</b> of <b>voorbereide toesprake</b> (30 punte) is <b>Formele take</b> vir hierdie kwartaal.</p> <p><b>Moenie taak 8 vergeet nie.</b></p> <p>Taak 8 is 'n toets van 80 punte wat bestaan uit: 'n begripstoets (25) taal (30) derde genre letterkunde (25)</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Die eerste paar bladsye, die eerste hoofstuk, gaan bepaal of die leerder met aandag verder gaan lees of gaan hy hom ontrek.</p> <p>Onthou dat by die eerste lees van 'n verhaal is die leerder gewoonlik ingestel op die storielyn – hy wil weet wat volgende</p>	<p>Onderwyser</p> <p>Tipe lees</p>	<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke jeugverhaal wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die <b>positiewe</b></p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en <b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b></p>

<p>staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).</li> </ul> <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;</li> <li>• vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;</li> <li>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;</li> <li>• kritiseer idees en nie die persoon nie.</li> </ul> <p>Lu 2 Praat As 1,3,5</p> <p>As 1 Vertaal en tolk:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal;</li> <li>• vertaal of tolk boodskappe;</li> <li>• vertaal of tolk tydens 'n gesprek, indien nodig.</li> </ul> <p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 5 Word deur iemand ondervra (soos in 'n werksonderhoud):</p>	<p>gaan gebeur. Die eerste lees is bloot 'n verkenning van die teks, 'n kennismaking daarmee. Die tweede terugskouende lees van die verhaal is die analitiese lees.</p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Tydens die eerste lees moet die leser sy verwysingsraamwerk vir die teks saamstel sodat hy die res van die verhaal kan begryp. Soms ervaar die leerders probleme hiermee omdat hulle te veel karakters teëkom.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Laat toe dat die leerders woorde onderstreep, omkring en aantekeninge maak.</p> <p><u>Aktiwiteit 4</u></p> <p>Laat die klas die titel bespreek. Laat die klas selfs alternatiewe voorstel en motiveer die keuse veral nadat die hele verhaal/boek klaar gelees is.</p> <p>Laat die leerders spekulêr oor die inhoud/verloop/plot/slot deur net na die titel van 'n verhaal te kyk. Vergelyk die eerste bespiegelings met dit wat uiteindelik gebeur.</p> <p><u>Aktiwiteit 5</u></p> <p>Terwyl daar gelees word laat die leerders die volgende doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onderstreep sleutelwoorde en sleutel frases (gebruik kleurmerkpenne – glimpenne)</li> <li>• Dui aanhalings aan wat die boodskap of idee van die verhaal weergee</li> <li>• Soek leidrade (woorde, frases, 'n stukkie dialoog) wat insiggewend is oor 'n bepaalde karakter, 'n bepaalde</li> </ul>	<p>onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>Self/leerder</p> <p>Groep/portuur</p> <p>klasbespreking</p> <p>Self/leerder</p> <p>debat</p>	<p>en 'n positiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><b><u>Swak gehoor</u></b></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p>
--	---	---	---

<ul style="list-style-type: none"><li>voorspel die vrae wat gevra gaan word en doen voorbereiding;</li><li>beantwoord vrae;</li><li>gebruik die gepaste toon, register en liggaamstaal.</li></ul> <p>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,7,8</p> <p>As 1 Lees 'n verhaal (fiksie of nie-fiksie):</p> <ul style="list-style-type: none"><li>Identifiseer die doel, teikengroep en konteks;</li><li>verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak;</li><li>identifiseer die register/styl (formeel of informeel);</li><li>verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks en bied alternatiewe idees;</li><li>verstaan die manier waarop 'n teks 'n leser posisioneer (soos deur die gebruik van die inklusiewe voornaamwoord "ons");</li><li>onderskei tussen kern- en ondergeskikte gedagtes;</li><li>toon begrip van karakter, intrige en ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste.</li><li>vergeelyk verskillende tekssoorte en bring dit in verband met die doel van die teks (soos oorreding, instruksies).</li></ul>	<p>gebeurtenis, die slot</p> <ul style="list-style-type: none"><li>Dui die verskillende afdelings van 'n verhaal aan</li><li>Dui aan wanneer veranderinge in die teks plaasvind bv. Beskrywing na dialoog oorgaan bv. Wanneer realiteit vervang word deur fantasie</li><li>Skryf woorde neer as aanduiding van onmiddellike reaksie bv. Aanvaarbare/nie-aanvaarbare dinge, onverstaanbare dinge</li><li>Stel 'n gebeurelys vir elke hoofstuk saam</li></ul> <p><u>Aktiwiteit 6</u></p> <p>Doen die volgende <b>mondeling aktiwiteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"><li>Vertel die verhaal oor aan iemand wat dit nog nie gelees het nie.</li><li>Vertel die verhaal vanuit die standpunt van 'n bepaalde karakter</li><li>Vertel die “storie” van een van die karakters</li><li>Vertel die verhaal oor in chronologiese orde</li><li>Motiveer 'n bepaalde karakter se optrede</li></ul> <p><u>Aktiwiteit 7 (Rolspel)</u></p> <p>Voer 'n onderhoud met 'n karakter in die verhaal.</p> <p>Of</p> <p>Rolspel in groepe 'n probleemituasie uit</p> <p><u>Aktiwiteit 8</u></p>	<p>Self/leerder</p> <p>Mondeling aanbieding</p> <p>Rolspel</p> <p>onderhoudvoering</p> <p>rollees</p> <p>hele Klas</p> <p>dramatiseer</p> <p>storiesirkel</p>	<p>Verkort die aktiwiteit</p> <p><u>Leeders met 'n spraakgebrek</u></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p><u>Swak siende:</u> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir</p>
--	--	---	---

<p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);</li> <li>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;</li> <li>• ontwikkel en evalueer leesspoed;</li> <li>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal).</li> </ul>	<p><b>Rollees</b> die novelle/kortverhaal in groepe – elke leerder kry 'n rol om te lees. Die novelle/kortverhaal kan ook gedramatiseer word, laat hulle toe om hulle rolle te lees terwyl hulle dramatiseer. (<i>'n sterk klas kan rolspel doen sonder om by die teks te hou of te lees terwyl hulle die rolspel doen</i>)</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Bespreek die volgorde van die novelle/kortverhaal. Dui die volgorde van die gebeure op 'n <b>storiesirkel</b> aan. Die kinders werk in pare. Leerders moet woorde uit die storie neerskryf langs hul sketse van die storielyn.</p> <p><u>Aktiwiteit 10 (voorbereiding vir 'n formele taak: brief)</u></p> <p>Skryf 'n brief aan 'n vriend of hulprubriek waarin 'n bepaalde probleem wat in die teks/verhaal voorkom, uiteengesit word. Die vriend/deskundige skryf terug en stel 'n plan van aksie voor.</p>	<p>brief</p> <p>self rubriek</p>	<p>hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p>
<p>As 7 Lees vir genot:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• lees fiktiewe en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;</li> <li>• lees enkele nuwe tekssoorte (soos 'n roman);</li> <li>• evalueer 'n teks deur 'n boekverslag te skryf;</li> <li>• lees 'n eenvoudige boekresensie;</li> <li>• los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels).</li> </ul>	<p>Of</p> <p>Laat leerders toe om anoniem vir die veearts/mediese dokter/ predikant 'n brief te skryf waarin hulle raad vra vir 'n teer sakie/verleentheid/probleem wat hulle ervaar het. Wanneer hulle die goeie uitvoerbare raad ontvang, moet dit aan die klas voorgelees word. (<i>Natuurlik kan die een helfte van die klas die probleembrief skryf terwyl die ander helfte die korrekte inligting gaan soek via die internet/oplees/onderhoude met kenners en dan moet hulle kom terugrapporteer</i>)</p>	<p>klasbespreking</p>	<p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><b>Disleksie:</b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p>
<p>As 8 Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer en kies boeke deur die inhoudsopgawe en indeks te gebruik;</li> <li>• gebruik 'n woordeboek, 'n eenvoudige tesourus en ensiklopedieë.</li> </ul>	<p><u>Aktiwiteit 11</u></p> <p>Die klas bespreek kortliks die karakters en die invloed van die omgewing op die karakters. Watter rol speel die omgewing in die novelle/kortverhaal. Maak 'n lys op die skryfbord.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u></p>	<p>gesprek met jouself</p>	<p><u>Claskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul</p>

<p>Lu 4 Skryf As 4,6,7</p> <p>As 4 Skryf skeppend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidoom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;</li> <li>• toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.</li> </ul> <p>As 6 Benader skryf as 'n proses:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;</li> <li>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;</li> <li>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;</li> <li>• evalueer ontwerp en bladuitleg.</li> </ul> <p>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• toon begrip van styl en register (soos herskryf 'n verhaal as 'n koerantberig);</li> <li>• toon begrip van die inligtingstruktuur van tekste;</li> <li>• skryf samehangende, langer skryfstukke met 'n inleidende en slotparagraaf;</li> <li>• evalueer eie houding krities;</li> </ul>	<p>Laat leerders toe om te <b>gesels</b> oor die kinders se gevoelens. Vra die vraag: <i>Hoe sou jy gevoel het as dit met jou gebeur het?</i></p> <p>Laat toe dat die leerders gesels van hul ervarings. Die onderwyser skryf woorde neer op die skryfbord wat deur die leerders gebruik word, maar ook wat in die kortverhaal voorkom wat later gebruik kan word vir 'n skryftaak.</p> <p><u>Aktiwiteit 13</u></p> <p>Nooi 'n kundige van buite (bv. Veearts / mediese dokter/ predikant/ sakeman/ of enige hoofkarakter in die novelle/ kortverhaal wat 'n belangrike rol in die gemeenskap speel). Laat een leerder hom/haar voorstel en 'n ander leerder moet hom/haar bedank.</p> <p><u>Aktiwiteit 14</u></p> <p>Ontwerp 'n <b>plakkaat</b> waarin jy 'n sekere boodskap wil oordra. Die beste plakkaat gaan 'n prys wen.</p> <p><u>Aktiwiteit 15</u></p> <p>Maak 'n <b>collage</b>, gebruik ou tydskrifte, wat die tipe verhoudings tussen die karakters aandui (<i>fokus op die positiewe</i>)</p> <p>Julle gaan mekaar se werke assesseer.</p> <p><u>Aktiwiteit 16(informele taak)</u></p> <p>Gaan soek na soortgelyke storiesinsidente wat in die afgelope jaar in jou plaaslike koerant en op TV-nuus was wat aansluit by die tema/storielyn van die kortverhaal Kom vertel die klas daarvan en verduidelik hoe die oortreders gestraf is. Dink jy hul straf was regverdig? Motiveer jou standpunt. <b>Skryf 'n nuusverslag</b> en neem julle self op met 'n</p>	<p>kundige van buite</p> <p>stel iemand voor / bedank iemand</p> <p>plakkaat</p> <p>collage</p> <p>portuurassessering</p> <p>debat</p> <p>skryf 'n nuusverslag</p> <p>self</p> <p>besoek aan 'n plek</p> <p>skryf 'n verslag</p>	<p>onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><b>Hiperaktiewe kind:</b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p>
--	--	--	---

<p>begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer.</p> <p>Lu 5 Dink en Redeneer As 3</p> <p>As 3 Versamel en teken inligting op verskillende maniere op:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (organiseer kernidees onder hofies en subhofies; gebruik bladuitlegtegnieke soos hoofletters en onderstreping);</li> <li>• lees en gee 'n samevatting van inligting uit verskeie tekste oor dieselfde onderwerp;</li> <li>• dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik statistiek om paragrawe te skryf; gebruik kopkaarte).</li> </ul> <p>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 1,2,3,4</p> <p>As 1 Spel bekende woorde korrek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: dieselfde, speel, vriendin, idee);</li> <li>• woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: droom, drome; grap, grappe).</li> <li>• woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons ry vier uur lank daarheen; Om vieruur begin die wedstryd);</li> <li>• woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken,</li> </ul>	<p>videokamera en kom vertoon dit in die klas.</p> <p><u>Aktiwiteit 17</u></p> <p>Laat leerders toe om die plaaslike polisiekantoor/ DBV-tak/ kerkantoor/ munisipaliteit/ lughawe of enige plek wat 'n prominente rol in die kortverhaal gespeel het te besoek . (<i>reël net vooraf dat al die betrokkenes weet 'n groep skoolkinders kom besoek aflê</i>)</p> <p>Laat die leerders observeer hoe daar gewerk word. Laat hulle 'n waarnemingsvel in vul. Laat hulle 'n verslag skryf oor hulle ervarings of laat hulle toe om die rol van 'n karakter te wees wat gely het in daardie omgewing. Skryf sy gedagtes neer.</p> <p><u>Aktiwiteit 18 (Formele taak: literêre opstel)</u></p> <p>Aktiwiteite 11,12,13,16 het jou eintlik voorberei op die skryf van 'n literêre opstel.</p> <p>Kom verduidelik stap-vir -stap wat het alles bygedra tot die konflik/botsing in die kortverhaal/jeugverhaal/novelle/roman. Verwys na innerlike en uiterlike konflik. Wie is die held en wie is die skurk? Het die omgewing (milieu) ook 'n rol gespeel op die tragiese slot? Verduidelik volledig en verwys na spesifieke voorbeelde.</p> <p><u>Wenke by die skryf van 'n literêre opstel</u></p> <p>Maak 'n <b>kopkaart</b> en skryf vinnig alles neer wat jy van die onderwerp weet. Skryf jou <b>eerste weergawe</b>. (beplanning) Jou inleidingsparagraaf is baie belangrik.</p> <p>Herformuleer die vraag of verwys daarna sodat dit duidelik is jy verstaan die opdrag en stel dan jou standpunt.</p> <p>In die volgende paragrawe ontwikkel jy jou standpunt logies en stapsgewys. Skryf elke argument of aspek in 'n afsonderlike</p>	<p>skryf van 'n literêre opstel</p> <p>rubriek</p> <p>self</p>	<p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p>
---	---	--	--

<p>afkappingsteken, hakies);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik algemene afkortings (soos: gr., d.w.s., dr., SA, VSA);</li> <li>• pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap.</li> </ul> <p>As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;</li> <li>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;</li> <li>• algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);</li> <li>• voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: myne, hare, ons s'n), betreklik (soos: wat, met wie), vraend (soos: watter, hoekom) en onbepaald (soos: iemand, almal, 'n mens ... jy/jou);</li> <li>• determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: veertien, laaste);</li> <li>• soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin.</li> <li>• enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp;</li> <li>• die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomstetydsvorm;</li> <li>• die verbinding van sinne met voegwoorde</li> </ul>	<p>paragraaf. Vra jousef die volgende af: Watter punt maak ek in hierdie paragraaf? Hoe kan ek dit illustreer met 'n aanhaling of verwysing na die verhaal? Hoe kan ek hierdie illustrasie of voorbeeld verduidelik om my punt te versterk?</p> <p>Maak seker dat jy nie afdwaal nie. Lees kort-kort weer die vraag: is jy besig om te beantwoord wat gevra word?</p> <p>Jou slotparagraaf kan bestaan uit 'n kort opsomming of samevatting.</p> <p>Proeflees jou opstel en maak seker dat jy alle onnodige foute uitgeskakel het, nêrens van die onderwerp afgedwaal het nie, al die karakters se name korrek gespel het en die getal woorde in hakies aangedui het.</p> <p>Onthou om 'n streep te trek deur jou beplanning</p> <p><i>(verwerk uit Adinda Vermaak se Inleiding tot Kringe in 'n bos se skooluitgawe, 2008)</i></p> <p><u>Aktiwiteit 19</u></p> <p>Behandel <b>taalverskynsels</b> soos klanknabootsing, woordoortolligheid (pleonasme) , toutologie (stapelvorm), verouderde vorme, nuutskeppings (neologismes), volksetimologie, kontaminasie (versmeltingsvorme), analogie, leenwoorde</p> <p>Laat die leerders 2 kolomme maak</p> <p>Skryf in Kolom A al die verskillende taalverskynsels neer en in Kolom B gee jy verskillende voorbeelde. Laat leerders die korrekte voorbeeld pas by die korrekte taalverskynsel.</p> <table border="0" data-bbox="724 1234 1375 1356"> <tr> <td>Kolom A</td> <td>Kolom B</td> </tr> <tr> <td>Klanknabootsing</td> <td>vroetelkas ("cubby hole")</td> </tr> <tr> <td>nuutskepping</td> <td>zoem</td> </tr> </table>	Kolom A	Kolom B	Klanknabootsing	vroetelkas ("cubby hole")	nuutskepping	zoem	<p>Maats bv. In pare</p> <p>Praktiese oefening</p> <p>klaswerk</p> <p>Self/leerder</p>	
Kolom A	Kolom B								
Klanknabootsing	vroetelkas ("cubby hole")								
nuutskepping	zoem								

<p>met die korrekte woordorde;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die ontkennde vorm (soos: Ek hou nie van brood nie; Niemand sal dit doen nie);</li> <li>allegaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);</li> <li>hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;</li> <li>die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm in eenvoudige sinne;</li> <li>leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepeteken, aanhalingstekens).</li> </ul> <p>As 3 Brei woordeskat uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);</li> <li>toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: <i> jy/julle teenoor u; mond teenoor bek; maag teenoor pens</i>);</li> <li>gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);</li> <li>gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);</li> <li>gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks,</li> </ul>	<p>verouderde vorm toutologie volksetimologie</p> <p>brakhond wat de duiwel halsband ("husband")</p> <p><u>Aktiwiteit 20</u></p> <p>DBV is die afrikaans vir die SPCA. Leerders moet kyk hoeveel <b>afkortings</b> hulle kan maak van die woorde wat in die kortverhaal/novelle/roman verskyn.</p> <p><u>Aktiwiteit 21</u></p> <p>Fokus op <b>wisselvorme</b>. Hoeveel kan jy en jou maat opnoem. Bv. Zulu vs Zoeloe, kitaar vs ghitaar, ag vs agt, aartappel vs artappel wat in julle voorgeskrewe boek voorkom.</p> <p><u>Aktiwiteit 22</u></p> <p>Ken jou leerders al die nodige <b>stylfigure</b> soos ironie, suggestie, woordspeling, sarkasme, progressie, regressie, klimaks, antiklimaks, oksimoron, eufemisme, letterlike en figuurlike betekenis, kontras, hiperbool, litotes, simboliek, apostroof, herhaling?</p> <p>Dit word sterk aanbeveel dat in jou behandeling met verskillende tekste bogenoemde stylfigure die nodige verduideliking kry en dat leerders 'n persoonlike lys agter in hul werkboeke sal hou of laat hulle plakkate maak van 'n stylfiguur wat hulle in 'n betrokke teks teëgekome het en die nodige en korrekte voorbeelde neerpen of selfs illustreer op 'n plakkaat. Sit hierdie plakkate dan op teen jou klaskamer.</p> <p><u>Aktiwiteit 23</u></p> <p>Spel bekende woorde korrek woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons ry vier uur lank daarheen; Om vieruur begin die wedstryd)</p> <p>Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n</p>	<p>Klaswerk</p> <p>In pare</p> <p>klaswerk</p> <p>persoonlike lys</p> <p>self</p> <p>Gebruik van 'n woordeboek</p> <p>Self</p> <p>Klaswerkboek</p>	<p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet beskikbaar wees</p>
--	---	--	---



<p>onskuldig);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);</li> <li>• gebruik sinonieme en antonieme;</li> <li>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);</li> <li>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.</li> </ul> <p>As 4 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik.</p>	<p>tesourus.</p> <p><u>Aktiwiteit 24</u></p> <p>Gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig) in jou klaswerkboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 25</u></p> <p>Toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: <i>jy/julle</i> teenoor <i>u</i>; <i>mond</i> teenoor <i>bek</i>; <i>maag</i> teenoor <i>pens</i>) wanneer jy jou literêre opstel skryf.</p>	<p>Skryf van literêre opstel</p>	
<p>Hulpmiddels: Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, TV, videobande</p> <p>Nabetragting:</p>			

# LESPLAN

(TEKSTE UIT ANDER LEERAREAS)

## Afrikaans Huistaal

**Onderwerp:** *“If you strike a woman, you will strike a rock”*

(Natuurwetenskappe, Lewensoriëntering, Kuns en Kultuur, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Menslike en Sosiale Wetenskappe, Tegnologie)

Tyd: 3 weke		Graad:9	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
Lees paragraaf uit handboek van Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe.  <u>Lu 1 Luister</u>  As 1 Luister na en waardeer 'n verskeidenheid komplekse verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos radiodramas, geselsprogramme, dokumentêre, gedramatiseerde gedigte, boekresensies).  As 2 Luister aandagtig vir spesifieke inligting en	<u>Nota aan onderwyser:</u>  In Huistaal val die klem baie op <b>lees</b> en <b>skryf</b> aktiwiteite  Debat of Paneelbespreking en voorbereide toespraak (30 punte) literêre opstel 250 – 300 woorde (40 punte)  <u>Taak 8 toets 80 punte</u>  <u>Aktiwiteit 1</u>		<u>In alle gevalle</u>  Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees  Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan  Fokus meer op die

<p>hoofgedagtes en reageer gepas:</p> <p>maak gevolgtrekkings;</p> <p>besin oor inligting en menings, stel indringende vrae en bevraagteken waar nodig.</p> <p>As 7 Identifiseer en bespreek die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.</p> <p><u>Lu 2 Praat</u></p> <p>As 2 Dra idees, feite en menings oor uitdagende onderwerpe akkuraat en samehangend oor deur 'n verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verduidelikings van tegnologiese prosesse, bv. Die gebruik van 'n rekenaar of videomasjien).</p> <p>As 3 Toon gevorderde praatvaardighede in 'n verskeidenheid mondelinge tekssoorte:</p> <p>verduidelik tegnologiese prosesse en ondersoek komplekse idees op 'n logiese manier, soos die gebruik van 'n rekenaar;</p> <p>voer onderhoude doeltreffend deur gevorderde tegnieke vir onderhoudvoering te gebruik (soos stel komplekse vrae).</p> <p>As 4 Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepsbesprekings, gesprekke, debatte en ondersoeke deel te neem:</p> <p>bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);</p>	<p><u>Daar is verskeie soorte luister:</u></p> <p>1. <u>Onderskeidende luister</u> (kom voor tydens lesings, toesprake en lesaanbiedings)</p> <p>Die leerder onderskei tussen verskeie inligting en besluit self watter inligting vir hom belangrik en bruikbaar is</p> <p>2. <u>Evaluerende luister</u> (kom voor tydens bekendstelling van produkte en advertensies)</p> <p>Hier oorweeg die leerder die argumente van die spreker en besluit of hy daarmee saamstem of nie.</p> <p>3. <u>Waarderende luister</u> (kom voor in voordrag, humoristiese sketse en monoloë)</p> <p>Dit is luister vir plesier of genot.</p> <p>4. <u>Empatiese luister</u></p> <p>Dit vind plaas wanneer die spreker aanspraak maak op die luisteraar se begrip, meegevoel of goeie gesindheid.</p>	<p>Luisteraktiwiteite</p> <p>Self</p> <p>Vluglees</p> <p>Padkaart soek 'n roete</p>	<p><b>positiewe</b></p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigzaam en <b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b> en 'n positiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p>
---	--	---	---

<p>stel ondersoekende vrae; oorreed ander; toon sensitiviteit vir ander se regte en gevoelens; bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.</p> <p>As 5 Doen mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief deur aandag te skenk aan: die gebruik van pouses, die wisseling van tempo en volume op strategiese plekke; doel en teikengroep; liggaamshouding, gebare, liggaamstaal en gesigsuitdrukings om die gehoor te boei; verskeie aanbiedingsmetodes; register; stemtoon formaliteitsgraad verskillende sosiale en kulturele konvensies; gepaste tegnieke soos klimaks, antiklimaks, hiperbool</p> <p>As 6 Evalueer die sukses van eie kommunikasie en verbeter daarop.</p> <p><u>Lu 3 Lees en Kyk</u></p> <p>As 1 Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte en dikwels vir genot en inligting, bespreek persoonlike reaksie, die tekssoorte wat hy/sy geniet en beveel</p>	<p>Alle leer begin by luister. Kom ons ontwikkel en verbeter die leerders se luistervermoë. Ons gaan hulle luistervermoë toets deurdat die leerders tydens hierdie kwartaal 'n debat of paneelbespreking en 'n voorbereide toespraak as formele take gaan aanbied.</p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Lees al die inligting waarop jy jou hande kan lê aangaande die oorsprong van die uitroep "<i>if you strike a women you strike a rock</i>" Doen <b>vluglees</b> om uit te vind wie dit gesê het en kom vertel die klas daarvan.</p> <p>Onthou dat die <i>SABC</i> spesiale programme uitsaai in die aanloop van die week voor die openbare vakansiedag. Laat iemand in die klas of op die personeel dit opneem en dan kan julle almal daarna kyk. Hou dit vir volgende jaar se lesse.</p> <p>Kry 'n padkaart van Pretoria in die hande. Volg/soek die roete wat die vroue daardie dag geloop het na die Uniegebou. (<i>Diegene van julle wat daar naby woon kan dit gerus in klasverband gaan loop</i>)</p> <p>Rolspel die gebeure rondom die eindpunt waar die vroue hul verset getoon het. Laat die onderwysers van Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe julle rolspel kom beoordeel.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Jy as onderwyser gaan saam met jou Menslike en Sosiale Wetenskappe kollega of enige ander kollega van 'n ander leerarea soos bv. Lewensoriëntering moet saam werk om hierdie les te laat slaag.</p> <p>Fokus op die 2 openbare vakansiedae. Vra die volgende vrae aan jou leerders : Wat beteken hierdie 2 dae vir jou as Suid-Afrikaner? Waarom vier ons dit? Wat word herdenk?</p>	<p>Groepe</p> <p>Rolspel</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>Navorsing</p>	<p><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></p>
--	--	---	--

<p>tekste vir ander aan.</p> <p>As 2 Lees onafhanklik, hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).</p> <p>As 3 Bespreek en verduidelik die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.</p> <p>As 4 Toon begrip van 'n wye verskeidenheid informatiewe tekste:</p> <p>identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming;</p> <p>verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;</p> <p>evalueer idees;</p> <p>beoordeel die geldigheid van argumente en maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;</p> <p>bespreek verskillende standpunte;</p> <p>onderskei tussen menings en feite.</p> <p>As 5 Bespreek verskillende tekssoorte en verduidelik hoe die hoofkenmerke daarvan tot die funksie van die teks bydra (soos lang gedigte, kort romans, koerantberigte, dagboeke, briewe, boekresensies, kort dramas).</p> <p>As 7 Evalueer tegnieke wat in visuele, geskrewe en multimedia-tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik:</p> <p>die doeltreffendheid van literêre tegnieke en taalgebruik;</p>	<p>Skryf die leerders se respons op die bord. Laat die leerders die korrekte informasie by hul onderskeie leerareas kry. Jou Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe onderwyser sal hulle van die nodige informasie voorsien wat ons in die taalklas gaan verwerk en waar ons dit in 'n ander vorm sal aanbied.</p> <p><i>(Al die Oos-Kaapse skole het die Learning African History Freedom Fighters van Awerness Publishing geskryf deur Chris van Wyk ontvang – gebruik dit nou)</i></p> <p><u>Aktiwiteit 4 (Formeel: Debat of Paneelbespreking)</u></p> <p>Die doel van 'n debat is om mense wat moontlik van jou verskil, van jou standpunt te oortuig. Jy moet jou kant van die saak so entoesiasies en oortuigend stel dat jy die gehoor na jou standpunt kan oorhaal.</p> <p><b>Moontlike onderwerpe</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vrouedag en Erfenisdag is 'n mors van tyd. Weet julle hoeveel kos hierdie 2 openbare vakansiedae die ekonomie van ons land?</li> <li>• Vroue is beter leiers as mans</li> <li>• 'n Vrou se plek is in die kombuis</li> <li>• Dit is tyd vir 'n Verenigde state van Afrika.</li> <li>• Ons is almal familie van Afrika</li> <li>• Zimbawiërs moet Suid –Afrikaanse burgerskap kry as hulle na 5 jaar 'n vaste werk het</li> </ul> <p><b>Wenke</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. 'n Debatsonderwerp het 2 kante. Respekteer jou teenstander se argumente, maar probeer om hulle</li> </ol>	<p>Paneelbespreking</p> <p>Rubriek</p>	<p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p>Skaam leerders of leerders met 'n spraakgebrek kan hul voordrag of terugrapportering tydens pouses of na skool doen terwyl die ander leerders nie in die klas is nie.</p>
---	--	--	---

<p>die impak van ontwerpstegete (soos die soort en posisie van kunswerk, die gebruik van kleur);</p> <p>die impak van kamera- en filmtegete (nabyskote, zoemskote, kamerahoek en terugflitse).</p> <p>As 8 Reageer krities op tekste:</p> <p>evalueer die skrywer se standpunt;</p> <p>evalueer implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel, gee eie mening en bespreek ander moontlikhede;</p> <p>bespreek hoe die sosiale en kulturele konteks die boodskap beïnvloed.</p> <p>As 9 Bespreek sosio-kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste en identifiseer aspekte wat meegaande waardes oordra (soos inhoud, taal, perspektief, karakterisering).</p> <p>As 10 Dink na oor en evalueer sy/haar eie vaardighede as leser.</p> <p><b><u>Lu 4 Skryf</u></b></p> <p>As 1 Skryf 'n wye verskeidenheid verbeeldingstekste:</p> <p>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;</p> <p>verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.</p> <p>As 4 Gebruik die skryfproses onafhanklik en met</p>	<p>met logiese teenargumente te weerlê</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>2. Formuleer jou stellings duidelik en motiveer deeglik</li> <li>3. Stel jou saak kalm, beredeneerd, oortuigend en duidelik</li> <li>4. Moet nooit kwaad, neerhalend en beledigend word nie</li> <li>5. Let op na die volgende: jou handgebare, jou stembeheer, jou taalgebruik</li> </ol> <p>Verdeel jou klas in 2 groepe. Die een groep ondersteun die standpunt terwyl die ander groep die standpunt opponeer</p> <p>Kies 'n voorsitter wat die orde gaan handhaaf en die verloop gaan bepaal. Die voorsitter bied afwisselend geleentheid aan sprekers om hulle standpunte te stel. Die voorsitter vat ten slotte die voordele en die nadele saam.</p> <p>Jou Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe onderwyser sal jou van die nodige informasie, boeke, materiaal kan voorsien.</p> <p><b>Paneelbesprekings</b></p> <p>'n Beperkte aantal sprekers bespreek 'n gekose onderwerp voor 'n gehoor. 'n Voorsitter lei die besprekings en daar is 'n tydsbeperking aan verbonde. Die opmerkings word nie vooraf beplan en geoefen nie, maar volg spontaan. Vraetyd word toegelaat.</p> <p>(Daar is 'n stortvloed voorbeelde van paneelbesprekings op TV Kyk gerus Sondagaande op <i>sabc 1, Asikhulume om 18:30, sabc 2 drawing the line en fokus met freek, sabc 3 interface om 19:30</i> vir voorbeelde van hoe dit gedoen word.)</p>	<p>Strooibiljette</p> <p>In groepe/pare</p> <p>rubrieke</p> <p>Advertensie</p>	<p><b><u>Swak siende:</u></b> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter font gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p><b><u>Disleksie:</u></b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook</p>
---	--	--	--

<p>gemak om tekste te skep:</p> <p>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeiagramme en lyste;</p> <p>gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle;</p> <p>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;</p> <p>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;</p> <p>ontleed konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, perspektief, leser se reaksie, taalgebruik, partydigheid, 'n ingewikkelder struktuur en verskeie styltegnieke in gedagte tydens hersiening;</p> <p>ontleed eie en ander se skryfwerk, evalueer, maak aanbevelings en toon sensitiviteit vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl;</p> <p>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;</p> <p>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.</p> <p><b><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u></b></p> <p>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:</p> <p>pas denk- en redenasievaardighede in verskeie</p>	<p><b><u>Aktiwiteit 5 (Strooibiljette)</u></b></p> <p>Jou skool gaan 'n Helen Joseph, Helen Suzman, Winnie Madikizela-Mandela (of enige ander bekende vrou figuur in jou omgewing, selfs matrone van Vonkelvrou faam kan uitgenooi word) gedenklesing aanbied. Ontwerp in pare 'n strooibiljette om hierdie gedenklesing te adverteer.</p> <p>Strooibiljette word gewoonlik op straathoeke uitgedeel, onder windskerme geplaas, op toonbanke neersgesit vir mense om te neem en word by posbusse by wonings geplaas.</p> <p>Strooibiljette is niks anders as “vlieënde advertensies” nie. As dit gedruk is op 'n helder gekleurde bladsy met 'n illustrasie sal dit dadelik die aandag trek. Alhoewel verskillende lettergroottes en lettertipes gebruik kan word om die bewoording interessant te maak, moet dit maklik leesbaar wees.</p> <p><b><u>Aktiwiteit 6 (informeel -advertensie)</u></b></p> <p>Die juwelierwinkels in ons land het 'n kompetisie uitgeskryf.</p> <p>Hulle soek die beste volblad advertensie waar 'n sterk politieke vrou se eienskappe en haar geskiedenis (stompie en al) uitgebeeld word in hul nuwe reeks “Vroue Rock!”</p> <p>Jy kan self besluit watter item, hangertjie of oorkrabbertjie of halssnoer gaan by die betrokke vrou pas. Sorg dat die korrekte feite van die betrokke vrou in woorde of foto uitgebeeld word. (raadpleeg jou onderwyser van Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe vir die korrekte inligting)</p> <p>Julle gaan natuurlik jul finale produkte (advertensies) voorlê aan die res van die klas en jou Lewensoriëntering of Sosiale Wetenskappe en kuns en kultuur onderwyser gaan dit ook kritiseer. Die klas gaan dan 'n klasdebat hou oor die geslaagdheid van jou advertensie. Leerders moet goeie redes</p>	<p>Eie/self</p> <p>Ander onderwyser</p>	<p>nie geenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet beskikbaar wees.</p> <p><b><u>Hiperaktiewe kind:</u></b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p> <p>Leerders met hand en oogkordinasie probleme sal meer tyd gegee word.</p>
--	---	---	---

<p>kontekste oor die kurrikulum heen en in persoonlike omstandighede toe;</p> <p>herken en bespreek die skrywer se belangrikste standpunt en perspektief in verskillende tekssoorte;</p> <p>ontleed oorsaak en gevolg in meer diepte in literêre tekste oor die kurrikulum heen (soos deur die onderliggende oorsake en nie die vanselfsprekende nie, te soek);</p> <p>ontwikkel en gebruik redenasie wat:</p> <p>die logika duidelik aan die leser/luistenaar maak, reaksies en teenkanting antisipeer</p> <p>stel 'n teenargument en verskaf alternatiewe;</p> <p>gebruik feitelike inligting en interpreteer statistiek met toenemende selfvertroue om argumente te staaf;</p> <p>gebruik eie ervarings om 'n standpunt te motiveer;</p> <p>gebruik vrae, afleiding en analise om kritiese denke te ontwikkel en probleemoplossing te bevorder</p> <p>As 3 Verwerk inligting:</p> <p>eksperimenteer met verskillende maniere om aantekeninge te maak (soos die gebruik van afkortings ter wille van spoed);</p> <p>vind en vat inligting saam deur luister-, lees-, skryf- en kykvaardighede te gebruik;</p> <p>kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;</p>	<p>gee vir hul standpunte.</p> <p>Haar karaktereenskappe en verlede wat sy vir die land gedoen het – haar nalatenskap – kon jy daarin slaag om dit vas te vang op een vol kleur bladsy?</p> <p><b>Wenke vir die ontwerp van 'n advertensie</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het jou advertensie trefkrag?</li> <li>• Het dit dadelik jou aandag getrek?</li> <li>• Prikkel die prent om jou teks te lees?</li> <li>• Oor watter produk het jy eerste gedink gaan die advertensie?</li> <li>• Watter vrou (wie) beeld die advertensie uit?</li> <li>• Dink julle dit is slim om juwele met 'n sterk politieke (sommige gevalle oorlede) vrou te verbind?</li> <li>• Pas die lettertipe by die advertensie?</li> <li>• Is die advertensie in die direkte styl of indirekte styl geskryf?</li> <li>• Direkte styl: luidrugtig, gebruik baie aksie woorde en beskrywings in die oortreffende trap – is dit geslaagd?</li> <li>• Indirekte styl: “stiller” en noem dikwels glad nie die produk in die teks nie</li> </ul> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Verduidelik jou (oorringe, armband, ringe, halsnoer, toonring) ontwerpe <b>puntsgewys</b> aan jou Tegnologie onderwyser. Beskryf waarvan dit gemaak gaan word, die materiaal en hoe dit moet lyk. Is dit prakties uitvoerbaar en</p>	<p>Ander onderwyser</p> <p>Modelle</p> <p>Agenda</p> <p>Notule</p> <p>In groepe</p> <p>Spyskaart</p> <p>In pare</p> <p>Toespraak</p> <p>Rubriek</p> <p>Self</p>	<p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p><b><u>Swak gehoor</u></b></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra</p>
---	---	---	---



<p>verander inligting van een formaat of taal na 'n ander (kodewisseling of vertaling);</p> <p>evalueer die betroubaarheid en geldigheid van inligting uit gedrukte en ander mediabronne (soos oor aktuele sake);</p> <p>skryf en praat deur toenemend komplekse taal en grammatikale strukture vir duidelikheid en substansie te gebruik.</p> <p><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u></p> <p>As 1 Werk met woorde:</p> <p>gebruik spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel en bespreek die strategieë wat gebruik word;</p> <p>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral van woorde oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;</p> <p>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingstekens en aksentteken);</p> <p>gebruik 'n woordeboek en tesourus met selfvertroue, doeltreffend en gereeld om spelling, woordafleiding en die herkoms van woorde te ondersoek;</p> <p>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;</p> <p>verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit</p>	<p>hoeveel gaan dit kos?</p> <p>Vra jou Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onderwyser om vir jou te help met die kosteberekening. Moenie vergeet om later die kwartaal jou sakeplan in te handig nie!</p> <p><u>Aktiwiteit 8 (informeel – agenda)</u></p> <p>Julle gaan 'n Vrouedag op 09 Aug 09 by julle skool hou. Matrone as die Vonkelvrou van Kirkwood se Lanbou unie gaan die gasspreker by julle oggendtee wees. Skryf die <b>agenda</b> vir die eerste beplanningsvergadering.</p> <p>Sodra die beplanningsvergadering verby is, tik die <b>notule</b>.</p> <p><u>Aktiwiteit 9 (informeel – spyskaart)</u></p> <p>Ontwerp die <b>spyskaart</b> vir die Vrouedag se Bal die aand en sorg dat Hilda se dadelvingers op die spyskaart is. Raadpleeg die <b>notule</b> van die Beplanningsvergadering om uit te vind wat die tema gaan wees van die Vrouedag se bal.</p> <p><u>Aktiwiteit 10 (formeel – voorbereide toespraak)</u></p> <p>Jy is gevra om matrone – die vonkelvrou van Kirkwood se Landbouvereniging by die oggend tee aan die dames voor te stel. Bestudeer haar CV om jou te help met jou formele bekendstelling toespraak.</p> <p><u>Aktiwiteit 11 (Skryf jou eie liedjie)</u></p> <p>Soek enige versetliedjies van daardie tyd wat Mamma Afrika (Miriam Mkeba) of Brenda Fassie gesing het. Luister daarna en skryf 'n liedjie vir die stryd teen Vigs of armoede of korrupsie as tema.</p> <p style="text-align: center;">of</p> <p>Vir Erfenisdag skryf jy 'n <b>bewaringsliedjie</b> of “groenliedjie”.</p>	<p>Skryf liedjie</p> <p>Groep</p>          <p>Dagboekbeskrywing</p> <p>Eie</p> <p>Rubriek</p>	<p>woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p>
--	--	---	---

<p>gepas;</p> <p>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;</p> <p>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.</p> <p>As 2 Werk met sinne:</p> <p>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),</li> <li>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik),</li> <li>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik),</li> <li>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),</li> <li>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),</li> <li>* bywoorde (ook in vaste verbindings),</li> <li>* voegwoorde,</li> <li>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),</li> <li>* telwoorde,</li> </ul>	<p>Dit kan selfs 'n rapliedjie wees. (Luister gerus na Laurika Rauch se liedjie vir inspirasie)</p> <p>Onthou om die cd omslag wat julle moet ontwerp vir jou Kuns en Kultuur onderwyser in te gee voor die einde van die kwartaal.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u> (Informele taak – dagboekinskrywing)</p> <p>Verbeel jou jy was een van die vroue wat daardie jaar opgeruk het na die Uniegebou om jou pasboek te gaan verbrand. Skryf nou jou <b>dagboekinskrywing</b> en beskryf duidelik jou gevoelens en die gebeure van die dag neer.</p> <p><b>Onthou die volgende</b></p> <p>Dagboekinskrywings word altyd in die eerstepersoon geskryf vanuit die oogpunt van die persoon wie dagboek hou</p> <p>Dit is dus nie objektief nie, maar subjektief gekleur. Onthou dit is eintlik 'n kort verslaggie van wat op 'n bepaalde dag in die lewe van die persoon plaasgevind het.</p> <p>Die inskrywing moet van 'n datum voorsien word.</p> <p>Die inskrywings word gewoonlik in volsinne gedoen. Frases en fragmente kan wel gebruik word om 'n bepaalde atmosfeer te skep.</p> <p>'n Dagboek is 'n lekker-met-jouself-gesels-brief. Dit is iets privaat en 'n plek waar die skrywer sy diepste emosies kan openbaar . Dit is persoonlik en intiem. Onthou die gemoedstoestand van die persoon op daardie tydstip en die belewenisse van die betrokke dag word aangeteken.</p> <p>Moedig jou leerders aan om hul eie dagboekinskrywings te begin. Oor 2 jaar wanneer hulle amper klaar is met skool, laat hulle weer die ou inskrywings lees en kyk net hoe het hulle</p>	<p>Ontleed artikels</p> <p>Eie</p> <p>Uitstalling</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>Eie/self</p> <p>Skryfboek</p>	<p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p>
--	---	--	---

<p>* tussenwerpsels,</p> <p>* voorsetsels;</p> <p>verstaan die grammatikale verskil tussen en funksie van sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;</p> <p>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde direkte en indirekte voorwerp en bywoordelike bepalings;</p> <p>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;</p> <p>gebruik tydsforme korrek en om fokus te wissel, soos die teenwoordige tyd kan 'n gevoel van onmiddellikheid skep;</p> <p>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;</p> <p>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed;</p> <p>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme gepas;</p> <p>gebruik die ontkennde vorm korrek en op verskillende maniere;</p> <p>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, beletselteken,</p>	<p>innerlik gegeroei en intellektueel ontwikkel.</p> <p><u>Aktiwiteit 13</u></p> <p>Kry afskrifte van koerantartikels van daardie tyd (of enige teks wat verslag doen oor daardie tyd) en soek vir <b>manipulerende</b> en <b>retoriese taal</b> en herskryf dit sonder emosionele ondertone.</p> <p>(Die Burger en ander koerante selfs Daily Dispatch se biblioteke of die argiewe funksie op die koerante se webblaaie sal jou kan help met artikels)</p> <p>In dieselfde artikels of tekste ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.</p> <p><u>Aktiwiteit 14</u></p> <p>Vir julle bewusmakingsveldtog hou 'n <b>uitstalling</b> vir Vrouedag in jul biblioteek. Laat onderwysers van die ander leerareas julle help.</p> <p><u>Aktiwiteit 15</u></p> <p>Verander sinne (uit die koerantartikels) doeltreffend van die <b>direkte</b> na die <b>indirekte rede</b>, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme korrek. Skryf dit in jou skryfboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 16</u></p> <p>Gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed. Weer eens maak gebruik van jou koerantartikels wat jy onder oë gehad het.</p>	<p>Self</p> <p>Skryfboek</p> <p>Self</p> <p>Skryfboek</p> <p>Self</p> <p>Self</p> <p>Self</p> <p>Self</p>	
--	---	---	--

<p>aanhalingstekens, skuinsstreep).</p> <p>As 3 Werk met tekste:</p> <p>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;</p> <p>gebruik verbindingswoorde (soos nietemin, verder) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;</p> <p>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;</p> <p>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:</p> <p>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;</p> <p>onderskei tussen formele en informele taalgebruik en verduidelik wanneer dit gepas is;</p> <p>verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukings en taalidoom gepas en kreatief.</p> <p>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:</p> <p>identifiseer konnotasie en denotasie in betekenis, geïmpliseerde betekenis, veelvoudige betekenis en dubbelsinnigheid;</p> <p>ontleed manipulerende en retoriese taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;</p> <p>ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.</p>	<p><u>Aktiwiteit 17</u></p> <p>Gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed veral in die ontwerp van jou advertensie en strooibiljet.</p> <p><u>Aktiwiteit 18</u></p> <p>Gebruik die ontkenkende vorm korrek en op verskillende maniere veral in jou <b>toespraak</b> en in die <b>notule</b>.</p> <p><u>Aktiwiteit 19</u></p> <p>Gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte. Onderskei tussen formele en informele taalgebruik (veral by jou <b>debat</b> en <b>paneelbespreking</b>) en verduidelik wanneer dit gepas is. Verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukings en taalidoom gepas en kreatief in jou <b>dagboekinskrywing</b>.</p> <p><u>Aktiwiteit 20</u></p> <p>Gebruik verbindingswoorde om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel in jou <b>skryftake</b> en <b>formele gesprekke</b>.</p> <p><u>Aktiwiteit 21</u></p> <p>Wanneer dit baie koud is, sê ons dis yskoud. Wat is die <b>intensiewe vorm</b> van <i>warm, siek, oud, en dood</i>?</p> <p><u>Aktiwiteit 22</u></p> <p>Skryf die <b>meervoud</b> en <b>verkleining</b> neer van <i>hoek, baai, son, spruit, reën, stad en sambreel</i>.</p> <p><u>Aktiwiteit 23</u></p> <p>Onderwyser verduidelik <b>deelwoorde</b> aan sy leerders.</p> <p>Leerders moet weet dat 'n teenwoordige deelwoord gevorm word deur 'n <i>-ende</i> aan die werkwoord te voeg bv <i>blaffende</i></p>	<p>Self</p>   <p>Self</p>	
---	---	------------------------------------	--

<p>As 6 Gebruik metataal:</p> <p>gebruik byvoorbeeld terme soos "samehangend", "logies", "retories", "kommapunt".</p>	<p>honde. Of 'n –de aan die werkwoord te voeg: bv <i>siende</i> blind.</p> <p>Onthou dat ons onderskei 2 tipes verlede deelwoorde.</p> <p>Sterk verlede deelwoorde word gewoonlik gevorm deur klinkerwisseling. Bv oorwin word <i>oorwonne</i></p> <p>Swak verlede deelwoorde word gevorm deur 'n –e, -te, -de aan die werkwoord te voeg. Bv. Verpligte, gesteelde, afgebrande</p> <p>Daar is gewoonlik 'n verskil in betekenis tussen die swak vorm (letterlik) en sterk vorm (figuurlik)</p> <p>Gee aan leerders sinne wat deelwoorde bevat. Laat hulle eers net die betrokke deelwoord identifiseer.</p> <p>Laat die leerders saam met 'n maat werk. Hierdie keer gee jy vir die leerders sinne en tussen hakies is die werkwoord wat die leerders moet verander na 'n teenwoordige deelwoord of swak of sterk verlede deelwoord.</p> <p>Die leerder moet dus kan onderskei of die handeling alreeds plaasgevind het en of dit nog aan die gang is.</p>		
<p><u>Hulpmiddels:</u> Fotostaat van pamflet/ Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, advertensies, kundiges van buite, <u>Nabetragting:</u></p>			